Hasie Kwassie

GRAAD R & GRAAD RR

Kwetter Letter

NOMMER 14 VAN 2021 : 13/05/2021

| Lees asseblief alle inligting |

BELANGRIK

Onthou..... Môre !!! **14 Mei 2021** !!!

OUPA- EN OUMADAG !!!

Leerders sit reeds in die klas om: 07:20
Dit gaan 'n spesiale dag wees !

Kleredrag – Seuns en Dogters

- Wit kortmou T-hemp.
- Denim langbroek.
- Tekkies.
- HK windjakker indien die weer koel is.

Dogters se hare : Lang hare in 2 x poniesterte met WIT LINTE.
Seuns se hare : Kort en netjies.

OPNAME GAAN UIT OP D6, OP 15 JUNIE 2021

1. PERSONEEL BOODSKAP

HOE LEER EK MY KIND GOEIE MANIERE ?

Die basis van goeie maniere is respek – respek vir jouself en vir ander.
Hoe leer jy dit vir jou kind?

Die goue reël is om self die voorbeeld te wees. Dit gaan nie net oor wat jy as ouer doen nie, maar ook oor hoe jy met jou kind en met ander mense praat. Die vermoë om met respek teenoor ander op te tree, ontwikkel vanaf geboorte tot ongeveer sesjarige ouderdom. Leer hom/haar van babatyd af groet, deur “hallo” en “totsiens” te waai. Sodra u kind kan praat, kan hy/sy woorde soos “asseblief” en “dankie” gebruik.

Laat u kind mense wat bekend is aan hom/haar vriendelik groet. Wys u kind om sy/haar speelgoed op te tel en sy/haar eie vuil wasgoed in die wasgoedmanjie te sit. Later kan u kind ook geleer word om bedankingsbriefies te “skryf” as hy/sy ‘n geskenk gekry het.

Maniere word aangeleer terwyl julle, as gesin, speel en kuier – voor, en tussen ander mense. Wees ‘n voorbeeld en versterk die korrekte gedrag.

Voelgoed.co.za - Februarie 2015

2. Verjaarsdae

- Ses hoera’s vir ons Hasie Kwassie maatjies wat in MEI verjaar! Geniet ‘n dag vol pret!

NB: Ons weet verjaardae is baie spesiaal, maar ons kan ongelukkig geen verjaardagpakkies, “cupcakes” of enige versnapperinge by die skool toelaat in die tydperk van Covid nie.

3. Buitemuurse aktiwiteite

Maandag	-	Playball ; Drama ; Ballet
Dinsdag	-	Gholf ; Swem
Woensdag	-	Netbal ; Rugby Akademie (**Onthou tekkies**)
Donderdag	-	Tennis - (**Onthou tekkies**) ; Swem
Vrydag	-	Dance Mouse

Playball	Debbie 082 440 4708	Gholf	Jonathan 074 369 0253
Swem	Ellen 082 920 8747	Ballet	Karlien 083 297 5714
Netbal & Rugby Akademie	Venessa 083 660 4707 Dawid 081 575 2682	Tennis	Diaan 071 895 1619
Dance Mouse	Elden 078 998 3688	Drama	Lydia 073 829 0593

*** KONTAK ASSEBLIEF DIE BETROKKE AFRIGTERS DIREK INDIEN U ENIGE NAVRAE HET**.

Let wel:
Die laaste dag van swem vir Hasie Kwassie leerders is op 20 Mei 2021. Swem sal weer op 3 Augustus 2021 begin.

4. Tema vir die week

17/05/2021 - 21/05/2021

MY GESIN



5. Opvoedkundig

5.1 ASSESSERING – 2DE KWARTAAL

- Reeds ontvang.
- Help u kind met inoefening.

5.2 SKOENVETERS

- Leer u kind om sy/haar skoenveters self vas te maak.
- Dit is nou die ideale geleentheid, omdat die maatjies skoene aantrek.

5.3 KEN MY ADRES

- Assessering.
- Ontvang ‘n prentjie van ‘n huis op 13 Mei 2021.
- Skryf u adres daarop.
- U kind moet die adres memoriseer.
- U kind moet die adres ken, voor of op 21 Mei 2021.

5.4 COLLAGE – GRAAD R

- Datum: **28 Mei 2021**
- Elke Graad R - leerder maak sy/haar eie collage.
- Stuur “scrap booking” items (oorskiet geskenkpapier, ou knope, kunsblommetjies, vere, ensovoorts) skool toe.
- Items moet in sakkie gestuur word met u kind se naam op. Ons leen nie.
- Pritt, gom en A3 karton, waarop leerders die collage gaan maak, word in die klas verskaf.

5.5 LEGKAART

- Bou legkaarte met jou kind.
- Tegniek: Bou eers die hoeke en kante en dan die binneste gedeelte.
- Kom ons kyk na die prentjie van die legkaart! (Visuele diskriminasie).

6. Algemeen

6.1 BELANGRIKE DATUMS

Teken asseblief die volgende belangrike datums in u dagboek aan :

Donderdae	**Nuusboek**
Vrydae	**Nuusboek terug**
14 Mei	Opname van Oupa- en Oumadag
16 Junie	Jeugdag
20 Junie	Vadersdag
9 Julie	Skool Sluit
26 Julie	Skool heropen

- *Verdere datums en inligting vir die res van die kwartaal sal bygevoeg word in lyn met die aangepaste skoolkalender.*

Hierdie program is onderhewig aan veranderings
Verwys ook na die Riebie-Klanke
Web & D6

6.2 KONTAK SKOOL

- Indien 'n Hasie Kwassie personeellid gekontak moet word, skakel asseblief tussen **10:30 en 11:00** en vra om met u kind se Juffrou te praat.

6.3 BUITESPEL

Hasie Kwassie leerders speel nou weer op die Hasie Kwassie speelterrein.

6.4 SKOOLURE: MAANDAG TOT VRYDAG

BELANGRIK

Moet asseblief nie laat wees vir skool nie. Akademiese tyd gaan verlore en die klas word ontwrig as u kind laat is.

Aankoms : 06:45 – 07:15
Verdaag : 12:30

6.5 T-HEMDE

- Onthou, spesifieke Hasie Kwassie T-hemp vir elke dag.
- T-hemp mag met kort- of langbroek gedra word.
- Langmou T-hemp mag op koeler dae onder Hasie Kwassie T-hemde gedra word.
- Dogters: Mag dieselfde kleur linte as T-hemp in hare dra. Kort hare, netjies gekam.
- Seuns: Hare kort en netjies gekam.

6.6 T-HEMDE & DRYMAC'S TE KOOP

- Hasie Kwassie T-hemde beskikbaar @ R100-00 elk.
- DryMac's beskikbaar @ R200-00 elk.

6.7 KLEREDRAG (ALGEMEEN)

- Dit word koeler. Plaas warm kledingstuk in u kind se tas.
- Merk ALLE kledingstukke – Naam en Van.
- Personeel aanvaar GEEN verantwoordelikheid vir verlore klere.

6.8 ALGEMENE REËLS VIR KLEREDRAG

- Ons doen ‘n vriendelike beroep op ouers om te verseker dat Hasie Kwassie leerders fatsoenlik en netjies, gepas vir skool, aangetrek is. Vermy asseblief skrapse kleertjies en klere wat te klein is, en ongemaklik op- of aftrek as die kleintjies sit.
- Ons waardeer u samewerking.

6.9 GHOLFDAG: 28 MEI 2021

Die jaarlikse Riebie Gholfdag gaan op Vrydag, 28 Mei 2021, te Modderfontein Gholfbaan plaasvind. Dié Gholfdag het nou al ‘n instelling geword en is EEN fondsinsameling wat nié gemis mag word nie!

Ons het oor die jare hard gewerk. Die Gholfdag groei jaarliks en dit als te danke aan u – ons ouer gemeenskap.
In die paar weke wat volg, voor 28 Mei 2021, het ons baie om te doen en ons benodig u hulp. Vele hande maak ligte werk!

Help ons om Hasie Kwassie se gholf-putjie prettig te maak! Ons versoek vriendelik dat ouers die volgende items vir ons putjie en vir ons speletjies sal stuur:

- **Juffrou Lynette se klas en Juffrou Anke se klas**
  Stuur asseblief, **voor of op 21 Mei 2021**, ‘n pak marshmallows saam met u kind skool toe.
- **Juffrou Cathy se klas en Juffrou Sonja se klas**
  Stuur asseblief, **voor of op 21 Mei 2021**, ‘n string klein pakkies “chips” of grondbootjies saam met u kind skool toe.

U kan die skool se webwerf besoek vir meer inligting en kostes, en aanlyn-besprekings vir die Gholfdag kan ook gedoen word by www.riebie.co.za.

Saam beplan ons die nuwe MÔRE!

6.10 GRAAD RR – LEERDERS

Groot Motories

- ❖ Laat leerders hardloop met ‘n oorkruis tegniek.
- ❖ Kyk dat u kind op tempo kan loop – stadig en vinnig.

Snoepie

- ❖ Onthou leerders moet steeds ‘n gesonde kosblik van die huis af, op ‘n Vrydag saambring. Geen kos mag by die snoepie gekoop word nie.

6.11 GRAAD R - 2022

Aansoeke vir **Graad R (2022)** by Hasie Kwassie het op **Woensdag, 5 Mei 2021**, ge-open en ons het reeds ‘n aantal aansoeke ontvang.

Ouers wat nog nie hul aansoeke ingedien het nie moet dit asseblief dringend doen om teleurstelling te vermy. Ouers wat nog aansoekvorms benodig moet asseblief **dringend** vir Me. Naomi van Niekerk in die skoolkantoor kontak.

Voltooide aansoekvorms moet asseblief volgens die instrukies/riglyne soos aangedui, in ‘n geseëlde koevert gerig aan Me. Naomi van Niekerk, in die blou houer by die skoolkantoor se ingangs-hekkie in Rustiglaan geplaas word. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 9 Junie 2021, maar dit sal wys wees om u aansoek so gou moontlik in te dien.

Vir enige navrae met betrekking tot Gr R aansoeke, stuur asseblief ‘n e-pos na naomi@riebie.co.za. Die **amptelike inskrywing** van suksesvolle aansoekers sal **enige tyd tussen Julie 2021 en einde Augustus 2021** plaasvind.

Die volgende **verpligte stawende dokumente** moet saam met die aansoek ingedien word:

- **Gesertifiseerde** afskrif van kind se Onverkorte (Unabridged) Geboortesertifikaat.
- Afskrif van Inentingskaart/rekord.
- **Gesertifiseerde** afskrifte van **beide** ouers se ID dokumente.
- Bewys van adres, nie ouer as 3 maande nie (W&L rekening, of amptelike huurooreenkoms op agentskap briefhoof, in die ouer se naam).
- Indien u nie die biologiese ouers is nie, dokumente wat u wettige voogskap bevestig.

6.12 GRAAD 1 - 2022

Die openingsdatum vir aansoeke vir **Graad 1 - 2022** is nog nie deur die Departement van Onderwys aangekondig nie. Hou asseblief die media en die skool se nuusbriewe en skrywes dop vir die openingsdatum en vir meer inligting.

Sodra die datum aangekondig word, moet ouers vanaf dié spesifieke openingsdatum, ingevolge departementele riglyne, **AANLYN** by www.gdeadmissions.gov.za aansoek doen. Die skool sal mettertyd meer inligting hieroor met ons ouers deel.



7. Finansies

SKOOLGELDE VIR HASIE KWASSIE BELOOP R1530-00 per maand,
VOORUITBETAALBAAR VIR 12 MAANDE.

BANKBESONDERHEDE

Naam	:	LAERSKOOL VAN RIEBEECKPARK
Bank	:	FNB (TJEK REKENING)
Takkode	:	205609
Reknommer	:	62749134243
Verwysing	:	Gr R + Kind se naam & van

- Kontak Me Liesl van Straaten in die finansiële kantoor vir enige navrae.

8. Wagklas

17 Mei 2021 – 20 Mei 2021

12:30 tot 14:00

LOKAAL: Juffrou Sonja se klas

Wagklas roteer van klas tot klas, op weeklikse basis.
Slegs vir leerders met ouer boeties / sussies in Laerskool van Riebeeckpark.

GEEN Snoepie môre, 14 MEI 2021

as gevolg van Oupa- en Oumadag opname.

LYNETTE | SONJA | CATHY | ANKE | VERUSHKA